LEERLINGAKTIWITEIT

# KRITIES LEES IN GESKIEDENIS

*Anna J. Weitz Hugo*
*Departement Didaktiek, Unisa*

Die bestudering van geskiedenis vereis dat leerlinge of studente 'n groot verskeidenheid materiaal moet lees om uiteindelik tot begrip te kom. Die verskillende tekste is dikwels ook uiteenlopend van aard. Hierdie diversiteit in leesinhoud en die verskillende skryfstyle van die outeurs wat daarmee saamgaan, vereis nie net verskillende leesvaardighede nie, maar veral kritiese denke en kritiese lees.

Kritiese lees behels onder andere analitiese denke met die doel om dit wat gelees is, te evalueer. Ander sake is egter ook op die spel soos om vanuit 'n eie wêreld- en lewensbeskouing na ander standpunte te kyk en hierdie standpunte te beoordeel.

## Wat is kritiese lees?

Daar bestaan 'n noue verwantskap tussen kritiese lees en kritiese denke. Volgens Simmons (1965: 312 - 314) behels kritiese denke die volgende aspekte:

* die byeenbring en die organisering van data en die uiteindelike formulering van 'n hipotese aan die hand van die data
* die gebruik van korrekte beginsels van logika en begrip vir die aard van die bewyse
* beoordeling in denke
* begrip vir die sielkunde van propaganda- en advertensietegnieke
* probleemoplossing

Kritiese lees vloei hieruit voort. Die volgende aspekte is kenmerkend van kritiese lees:

* 'n Vaardigheid waarby kumulatiewe begrip betrokke is. Dit vereis dat 'n leser 'n gelese gedeelte moet begryp, self moet herorganiseer en die hoofgedagte moet vind. Eers dan sal dit moontlik wees om krities op 'n gelese gedeelte te reageer.
* Begrip vir dit wat eksplisiet in die gelese gedeelte uiteengesit is en die gebruik van hoëorde kognitiewe prosesse. Dit kan van sekondêreskool-leerlinge en studente verwag word om met behulp van hulle ontwikkelende kognitiewe vermoëns vaardighede soos assosiasie, veralgemenings en simboliese relevansie te benut wanneer 'n gelese gedeelte beoordeel word.
* Dit kan met letterlike lees vergelyk word. Kritiese lees gaan verder as net die passiewe aanvaarding van idees en inligting wat as leesinhoud weergegee word.
* Dit vereis die vermoë om geskrewe stellings krities te ondersoek en om na probleme in die lig van objektiewe bewyse te kyk (Dechant, 1973: 305).

Die hele kwessie rondom kritiese lees moet ook gesien word teen die agtergrond van die paradigmatiese verskuiwing wat daar binne die geledere van leeskenners plaasgevind het. Lees word tans nie net as die verkryging van inligting of kennis uit die geskrewe teks beskou nie. Daar word deesdae ook klem gelê op dit wat die leser na die geskrewe teks bring, met ander woorde sy eie kennis, insig en betekenis waaroor hy reeds beskik. Daar is 'n aantal strategieë wat 'n dosent of 'n onderwyser kan benut om diegene wat hulle onderrig bewus te maak van die waarde en noodsaaklikheid van krities beoordelende lees.

## Die onderskeid tussen feit en mening

Feite is stellings wat verifieerbaar is, terwyl menings 'n persoon se voorkeure, gevoelens of persoonlike mening aantoon. Dit is nodig dat

leerlinge of studente wat geskiedenis bestudeer, moet kan onderskei tussen feite en menings, want

> ... no other thinking skill in social studies is more important than the ability to distinguish fact from opinion (Alexander & Heathington, 1988: 339).

Van die metodes wat onderwysers en dosente kan gebruik om hulle leerlinge en studente bewus te maak van die onderskeid tussen feite en menings is die volgende:

* Nadat leerlinge of studente geleer het wat feite en opinies is, kan hulle gevra word om feite wat in 'n geskiedenisteks geskryf is, te verander in menings of om menings te verander na feite.

* Koerant- en tydskrifartikels, asook advertensies in die pers, op die radio of op televisie kan gebruik word om 'n groot verskeidenheid voorbeelde van feite en menings te illustreer.

* 'n Lys van name, gebeurtenisse of terminologiese uitdrukkings kan aan 'n geskiedenisklas gegee word. Die leerlinge of studente word dan versoek om twee-twee deur die lys te lees. Die een persoon moet daarna al die feite versamel, terwyl die ander persoon die menings moet byeenbring (Hickey, 1990: 175).

In ons land se geskiedenis is daar baie gebeurtenisse wat as voorbeelde vir die gebruik van feit en mening kan dien. Alhoewel dit kontroversieel mag wees, kan die tradisionele interpretasies en nuwe interpretasies van Gelofte van Bloedrivier (Van Aswegen 1989: 278) dalk leerlinge of studente goed laat nadink oor wat feite en menings werklik is.

Die vermoë om propogandategnieke te onderskei

Deur leerlinge en studente bewus te maak van die verskillende propagandamiddele en -tegnieke wat in die literatuur bestaan, word sodanige leerlinge en studente nie net gehelp om sekere gedeeltes van die geskrewe geskiedenisinhoud krities te beoordeel nie, maar dit het ook groot toepassingswaarde in alledaagse geskrewe tekste waarmee hulle te doen kry.

Om propaganda raak te sien, is een van die logiese vaardighede wat deur kritiese lees vereis word. Geskiedenisonderwysers en geskiedenisdosente kan veral van tydskrifartikels gebruik maak om propagandategnieke aan hulle leerlinge of studente te verduidelik. Daar bestaan baie soorte propagandategnieke. Die volgende is van die mees algemene:

**Slegte name**
Onaanvaarbare woorde word gebruik om 'n teësin vir 'n saak of 'n persoon by 'n leser op te wek.

**Goeie name**
Hierdie tegniek is die teenoorgestelde van die vorige. Aangename woorde word gebruik om positiewe gevoelens vir 'n saak of 'n persoon op te roep.

**Gewoonheid**
Hierdie soort propagandategniek word gebruik om onnatuurlikheid en gesofistikeerdheid te vermy. Die indruk word geskep dat 'n persoon of saak alledaags en gewoon is.

**Oordraging**
In hierdie tipe propaganda word daar gepoog om die leser se respek vir 'n algemeen aanvaarde en geliefde simbool soos die kruis of landsvlag oor te dra na 'n persoon of saak.

**Getuienis**
Hierdie propagandategniek is soos die vorige behalwe dat 'n bekende persoon 'n getuienis lewer oor 'n ander persoon of 'n saak.

**Saamgaan met die stroom**
In hierdie tipe propagandategnieke word daar gepoog om die leser te oortuig om 'n persoon, idee of saak te aanvaar omdat almal dit doen.

**Opeenstapeling**
Hierdie tegniek maak wel gebruik van akkurate inligting, maar sommige inligting word weggelaat sodat net een kant van die saak gestel word (Roe et al. 1987: 114-115).

Daar kan baie gebruik gemaak word van advertensies om die gebruik van propagandategnieke te verduidelik. Leerlinge kan self advertensies in tydskrifte en nuusblaaie deurlees om na verskillende propagandategnieke te soek. Dit moet veral aan leerlinge en studente uitgewys word hoedat advertensies gebruik of selfs misbruik word om 'n appél tot die mens se basiese begeertes en behoeftes te rig.

Resente geskiedenis bevat baie voorbeelde wat gebruik kan word om aan te toon hoedat persone gebruik gemaak het van propaganda-tegnieke. As die geskiedenis van Duitsland byvoorbeeld geneem word, hoef daar nie by Nazi-isme vasgesteek te word nie, maar kan die huidige eenwording van Duitland of die opkoms van neo-Nazi-isme as goeie voorbeelde dien.

Ons eie land se geskiedenis bevat ook baie soortgelyke voorbeelde. Dink maar net aan die Oosgrensvraagstuk en die verskillende menings wat daaroor gehuldig is. Die verskillende standpunte wat daar huidig oor kapitalisme bestaan, kan dalk bespreek word deur ook van Marx se uitsprake oor kapitalisme gebruik te maak. As die volgende aanhaling oor sommige van sy uitsprake krities gelees word, blyk die gebruik van propagandategnieke duidelik:

> ... Hy beweer dat Kapitalisme net in wins belangstel, nie in die bevrediging van menslike behoeftes nie en deur die werker 'n voldoende deel van die wins te ontneem deur vir die kapitalis alle 'surpluswaarde' te reserveer wat deur die arbeider se sweet verkry is. Dit sal toenemend tot die konsentrasie van rykdom in 'n paar hande en tot groter ellende van die massas lei. Arbeid het 'n blote gerief geword, gebruik tot voordeel van die kapitalis (Dreyer, 1989: 4).

Die herkenning van woorde wat emosioneel gekleurd is

Die gebruik van woorde wat emosioneel gekleurd is in taalmanipulasie is 'n sterk vorm van propagandategniek. Hierdie strategie is nie net van waarde in die bestudering van geskiedenis nie, maar is ook van belang in die alledaagse lewe. Objektiwiteit wat van groot belang in geskiedskrywing is, word dikwels bemoeilik deurdat 'n outeur dit moeilik vind om nie emosioneel betrokke te raak by 'n saak nie. Deur leerlinge en studente spesiaal op te lei om emosioneel gekleurde woorde uit te ken, kan hulle gelei word om die verskuilde boodskap agter die teks raak te sien. Hierdie emosioneel gekleurde woorde toon gewoonlik vooroordeel aan en lesers sal gevolglik besef dat alle geskrewe tekste nie eerlike kommunikasie bevat nie.

Onderwysers of dosente kan diegene wat hulle onderrig aanvanklik bewus maak van die gebruik van emosioneel gekleurde woorde deur gebruik te maak van die hoofartikel van 'n nuusblad. Nadat die leerlinge of studente die hoofartikel deurgelees het, word woorde wat duidelik emosioneel gekleurd is, onderstreep. Die leerlinge of studente wat daarna elke sin wat emosioneel gekleurde woorde bevat, oorskryf om dit meer objektief en minder emosioneel te maak. Deur self te probeer om 'n emosioneel gekleurde stuk se taalgebruik te herskryf, kan leerlinge en studente goeie insig in die gebruik van hierdie metode verkry. Hierdie aktiwiteit kan ook op die teenoorgestelde wyse onderneem word en deur die klas te versoek om 'n emosioneel gekleurde artikel deur middel van objektiewe taalgebruik te herskryf (Thislethwaite, 1990: 588-590).

'n Ander metode wat gebruik kan word om leerlinge en studente bewus te maak van die gebruik van emosioneel gekleurde woorde is om hulle sinonieme vir woorde te laat soek. Sinonieme vir bekende woorde soos vrou of werk kan gebruik word. Daarna word die sinonieme in die kategorieë positief, negatief en neutraal geplaas. Hieruit sal die leerlinge kan aflei hoe emosioneel gekleurd sommige woorde kan wees (Hickey, 1990: 176).

Hierdie metode kan uiteindelik deurgetrek word na die praktyk van geskiedenisbeoefening. Die geskiedenis van ons eie land bevat talryke voorbeelde van uiteenlopende uitsprake en menings wat verskillende persone oor dieselfde gebeurtenis gehuldig het. Verskillende uitsprake wat persone oor die Rebellie van 1914 gemaak het, of dalk meer resent verskillende menings oor die wenslikheid van Republiekwording in 1961, kan byvoorbeeld gebruik word.

Die verstaan van oorsaak en gevolg

Oorsaak en gevolg-verhoudings is deel van geskiedenis en derhalwe ook van geskiedenisleesmateriaal. Oorsaak en gevolg kan op verskillende wyses in die geskrewe teks voorkom. Die inligting wat gegee word, mag die oorsaak van 'n gebeurtenis aandui en dan word van die leser verwag om die gevolg af te lei. Die uitwerking van 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse kan egter ook gegee word en dan word van die leser verwag om die inligting byeen te bring en sodoende die oorsaak van die gebeurtenisse te bepaal (Cheek & Cheek, 1983: 349).

Om oorsaak en gevolg te verstaan berus hoofsaaklik op voorkennis en die vermoë van die

leser om afleidings te maak. Onderwysers en dosente kan van die volgende moontlikhede gebruik maak om aan hulle leerlinge oorsaak en gevolg te verduidelik:

* Oorsaak en gevolg-situasies uit die bekende omgewing van die jongmens kan gebruik word. As voorbeeld kan die vergeet van tuisopdragte gebruik word. Wat gaan gebeur? Hoekom gaan dit gebeur? Kan 'n persoon op grond van vorige ervaring moontlik antisipeer wat gaan gebeur?

* Voorbeelde uit die werklike lewe kan verder gebruik word om aan te toon wat die verhouding tussen oorsaak en gevolg is.

* 'n Goeie metode wat gebruik kan word, is om aan leerlinge sogenaamde seinwoorde wat dikwels oorsaak en gevolg-situasies inlei, te verduidelik. Voorbeelde van seinwoorde is: <u>want</u>, <u>omdat</u>, <u>daarom</u>, <u>derhalwe</u>, <u>dus</u>, <u>toe</u> en <u>sodat</u>.

In die geskiedenis van ons eie land is daar talryke goeie voorbeelde van oorsaak en gevolg-verhoudings. Dink maar net aan die Groot Trek of die ontdekking van goud aan die Witwatersrand.

<u>Die vergelyking en kontrastering van verslae</u>

Geskrewe geskiedenistekste wemel van verskille en ooreenkomste tussen mense, kulture, regerings, lande en gebeurtenisse. Deur gebruik te maak van ooreenkomste en verskille kan 'n groot verskeidenheid inligting juis op 'n georganiseerde wyse in verband gebring word. Hierdie verskille en ooreenkomste wat daar in geskrewe tekste bestaan, lei daartoe dat verslae vergelyk en gekontrasteer kan word. Deur gebruik te maak van die vergelyking en kontrastering van verslae kan leerlinge juis gelei word om met behulp van kritiese lees die moeilike begrip objektiwiteit in geskiedskrywing beter te verstaan.

Onderwysers of dosente kan diegene wat hulle onderrig help om krities te lees en te dink deur hulle aanvanklik 'n boek of 'n artikel en 'n film of 'n videoprogram oor die betrokke onderwerp wat behandel word, te laat vergelyk. Deur aspekte soos doel, bevooroordeeldheid, houding en algemene effek in ag te neem, kan leerlinge en studente besluit oor die akkuraatheid van die weergawes en die gebruik van oorredende taal (Thislethwaite 1990: 590-592).

Daarna kan die klas twee of meer verslae oor dieselfde gebeurtenis lees en dan die outeurs se menings vergelyk en kontrasteer. In ons land se geskiedenis bestaan daar verskeie voorbeelde van uiteenlopende verslae oor dieselfde gebeurtenis of dieselfde persoon. As voorbeelde hiervan kan die moord op Piet Retief en sy kommando of die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog geneem word.

<u>Vraagstellende lees</u>

Hierdie tipe leesvaardigheid maak leerlinge en studente daarvan bewus dat kritiese lesers voortdurend vrae vra terwyl daar gelees word. Onderwysers of dosente kan met behulp van 'n algemeen populêre artikel leerlinge en studente daarvan bewus maak dat hulle vraagstellend moet lees. Reeds nadat hulle die opskrif van so 'n artikel gelees het, moet die lesers voorspel watter vrae in die artikel beantwoord gaan word. Nadat hulle die artikel gelees het, moet hulle 'n aantal vrae saamstel wat hulle self aan die outeur sou wou vra (Thislethwaite 1990: 588). Vraagstellende lees kan deurgetrek word na die geskiedenisklas deur leerlinge of studente 'n toespraak van 'n bekende persoon of 'n kontroversiële verslag oor 'n belangrike gebeurtenis te laat lees en dan vrae te laat formuleer.

Om suksesvol te studeer en akademies te vorder, is dit nodig dat leerlinge en studente wat geskiedenis bestudeer, met begrip en met kritiek moet kan lees. Leerlinge en studente beskik nie altyd oor die nodige leesvaardighede wat in 'n studieveld so omvangryk soos geskiedenis vereis word nie. Die aangewese persone om hulp te verleen, is diegene wat geskiedenis onderrig.

BIBLIOGRAFIE

ALEXANDER, J.E. & HEATHINGTON, B.S. 1988. *Assessing and correcting classroom reading problems*. Illinois: Scott, Foresman/Little, Brown College Division.

CHEEK, E.H. & CHEEK, M.C. 1983. *Reading instruction through content teaching*. Columbus: Charles E Merrill Publishing Company.

DECHANT, E. 1973. *Reading Improvement in the Secondary School*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

DREYER, N. (red.) 1989. *Geskiedenis in Aksie Standerd 10.* Pretoria: De Jager-HAUM Uitgewers.

HICKEY, M.G. 1990. Reading and Social Studies: The Critical Connection in *Social Education*, 54, March 1990.

ROE, B.D., STOODT, B.D. & BURNS, P.C. 1987. *Secondary School Reading Instruction The Content Area*. 3rd. edition. Boston: Houghton Mifflin Company.

SIMMONS, J.S. 1965. Reasoning through reading, in *Journal of Reading*, 8, December 1965.

THISLETHWAITE, L.L. 1990. Critical reading for at-risk students, in *Journal of Reading*, 32, May 1990.

VAN ASWEGEN, H.J. 1989. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Pretoria: Academia.